# Lesing 87 - 15 Junie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 108 - Woord aan Daniel Grobbelaar op 02/10/19; 10H00 (vervolg)

Julle, MY Boerevolk! Julle, MY Huis van Judah en Benjamin! Julle is mislei deur die **valse herders, leiers en profete.** Hierdie valse herders, leiers en profete het hulleself aangestel om in MY Naam te spreek, terwyl EK nie gespreek het nie! Wee die harte wat valsheid en dwaling verkies, want MY Hand is teen julle gerig! Laat MY Kudde gaan vanuit **die valse tempels en organisasies** wat julle gestig het deur die inspraak van die verleidelike stem van mammon!

Wee julle wat spreek asof EK tot julle gespreek het, en EK nie tot julle gespreek het nie, want vol is die Toorn van MY Grimmigheid teen julle! Dit is julle wat MY Naam oneer aandoen en veroorsaak dat soveel siele van MY kinders gevange gehou word in die **doderyk van julle besoedelde begeertes en valse leerstellings!** EK, JAHWEH van die Skeppingsleërmag! EK IS EWIG, ONVERANDERLIK en MY WOORD staan VAS vir EWIGE TYE tot in die EWIGHEDE! EK VERANDER NIE MY WOORDE NIE! WAT EK SPREEK, DIT SAL GEBEUR! Maar julle, o valse herders, leiers en profete is gewaarsku op soveel maniere dat julle nie eendag kan sê dat julle nie gewaarsku was nie!

**Laat MY Volk vry en laat hulle gaan!** Julle wat net soos Farao van ouds is... Julle wat MY Volk nie toelaat om na MY te kom en bevry te word deur MY Gees nie! Wee julle wat voorgee om deur MY geroep te wees, maar in die **skynheiligheid en in geheime vergaderings** julle sakke propvol geld maak! EK beskou dit niks anders nie as **HOOGVERRAAD** teen MY en **laster teen MY GEES**! Voorwaar sê EK, EK IS, EK IS die ENIGSTE HERDER en LEIER wat julle LEWE en VRYHEID in MY kan gee! Verhoed nie MY Volk om na MY, hulle Skepper, te kom nie! Julle mislei MY Volk en MY Hand is teen julle! Vir julle wat MY Woord van Waarheid hoor en Haar nie aanneem nie, maar die dwaling verkies, sê EK, **aan julle sal EK toelaat dat die gees van dwaling oor julle kom en julle sal hierdie gees glo as waarheid.** Maar in MY Barmhartigheid sal EK elke nou en dan in die lewe van julle hardnekkigheid, 'n wyse berei om julle tot ander insigte te probeer bring. Daarom sê EK weer: Almal sal gewaarsku wees! Dit is vir julle, en julle vrye wil om te kies.

MY kneg, wees nie bewoë en bevrees nie. Skryf neer elke Woord van MY en dit moet jy aan MY Volk gee. Baie van julle sien MY as 'n "Kwaadsugtige God" in hierdie Woorde van MY. Laat EK julle sê, EK haat julle nie as MY eie geskape kroon van MY Skepping nie, **EK HAAT JULLE DADE** van ongeregtigheid, besoedeling en sondes. Ja, EK weet baie van julle in MY Volk sukkel om van julle sondes ontslae te raak. Dink julle EK sal julle nou wegwys wanneer julle nou kom in opregte berouvolle harte voor MY en MY vra vir vergifnis en bevryding? Dink julle dat EK is so liefdeloos dat EK julle sal verdelg wanneer julle kom en verootmoedig voor MY en julle harte en laste en probleme vir MY kom gee?

Waarom het EK dan in JAHSHUA vir julle MY Bloed kom stort ter bevryding en boetedoening vir julle oersondes? EK vergewe en vergeet julle sondes wanneer julle by MY kom pleit vir vergifnis met julle hele hart se doel om julle lewens te omvorm tot MY LIEFDE. EK IS Barmhartig en EK verkwik hulle wat voor MY in MY Lig wandel in Liefde met MY Genade.

Vra MY om julle te help en te leer en te lei in hoe julle julle lewens kan omvorm tot oorwinnaars in MY. Vra nie vir aardse voorspoed nie, **vra eerder vir MY Geestelike Rykdomme en Waarhede**. Soek eers MY en MY Koninkryk en al die res sal EK vir julle voorsien en mee seën, beide aards en geestelik. Maar soek MY orals en ter alle tye, want EK IS julle LEWE en Beskerming. EK IS julle toevlug.

Maar voorwaar sê EK, dat hulle **wat rebelleer teen MY Genade en Barmhartigheid** sal as spotters van MY Woord en Gees gereken word. Hulle wat MY Bloed vertrap en MY Waarskuwings verwerp met 'n hart vol kwaad en eie-eer sal ondergaan in die vloed van hulle eie ongeregtighede en liefdeloosheid. MY Wil is dat julle **in die Ark van MY Ligsirkel inkom**, waar EK vir julle wag, om julle te lei na die Oewers van MY Nuwe Aarde en MY Nuwe Hemele.

**Geseënd is die oë** wat MY in die diepere en kleiner dinge van die lewe waarneem en aan MY die lof bring.

**Geseënd is die ore** wat luister en ag slaan op MY Woord en wat luister na Waarheid vanuit MY.

**Geseënd is die hande** wat uitreik na hul naaste om MY Liefdeswil uit te voer in nederigheid en Liefde.

**Geseënd is die voete** wat haas om die armes te hulp te snel en wat trap in die Voetspore van MY Voete.

**Geseënd is die mond** wat Waarheid in Liefde en opregtheid spreek en die lof en danksegging aan MY bring.

**Geseënd is die neus** wat die Asem van MY Gees inasem tot in die diepste dieptes van hulle siele.

**Geseënd is die verstand** wat verstandig en volgens Wysheid handel en wat MY in die hart raadpleeg.

Geseënd is julle, MY Volk, aan die einde van dae! **Geseënd is jy, o Dogter van Sion, want jou Majesteit is in jou midde.** Voel MY en sien MY. EK sien julle, elkeen van julle. EK sien jou ywer vir MY, MY Dogter! EK sien jou begeertes om MY Volk te dien en EK sien jou opofferings vir MY en julle naaste. Geseënd is jy! **MY Stad van Filadelfia**, wees oorwinnaars in MY en soek MY LIEFDE en WAARHEID in die tye wanneer die geleenthede daar is om te kan leer van MY Woord, Liefde en Waarheid. Neem elke geleentheid om te kan luister na lering van MY Liefde en begin te begeer om MY te leer ken. Wees nie besorg en bekommerd oor julle aardse tekortkominge en benodighede nie, SOEK MY en **EK SORG**.

Skrywe tot hier vir MY, MY kneg. Dit is genoeg vir nou. Laat MY Woorde LEWEND word in julle harte en kom terug vanuit Egipte en kom na MY. EK sal julle met oop Arms verwelkom om julle te vergewe en terug te bring na MY Ewige Huis. Maar weereens waarsku EK, EK IS WAT EK IS, EK waarsku die valse herders, leiers en profete: **LAAT MY VOLK GAAN**! Tot hiertoe MY kneg. EK, JAHWEH, die Ewige Volmaakte WIND van MY GEES, wat EK IS!"